**26 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 1:9-26**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 1:21-26**

## Die Here se geskenk

Jesus het opgevaar. Die gelowiges wag op die Heilige Gees. Terwyl hulle wag, is hulle almal saam, omtrent honderd-en-twintig. Hulle bid. Onder die honderd-en-twintig is elf apostels. Hulle is deur Jesus self gekies. Hulle moes – met die krag van die Gees – openlik van Jesus Christus getuig. Hulle was die Here se gawe aan sy kerk.

Jesus het twaalf gekies, maar een se plek is leeg, naamlik Judas. Een moet dus gekies word vanuit die oog- en oorgetuies. Josef en Mattias word voorgestel. Apostels word egter nie deur mense gekies nie en daarom bid die gelowiges. Die Here moet sy keuse aandui. Hulle loot, nie om alles aan die toeval oor te laat nie, maar omdat hulle weet dat mense kan loot, maar dat die Here bepaal hoe dit uitkom (Spr. 16:33).

Mattias word gekies. Is hy die regte een? Ja, want die Here ken die harte. Hy weet wat in elke mens leef. Hy weet Mattias is die regte persoon op die regte tyd en daarom roep Hy Mattias as twaalfde apostel. Hy gee Mattias aan die kerk van alle eeue. So word die betekenis van Mattias se naam ‘n werklikheid – “die Here se geskenk”.

So is elke ampsdraer ook vandag ons Here se geskenk aan ons. Elke ouderling, diaken en predikant word deur ons Here Jesus self gekies, aangedui en geroep. Mag elke ampsdraer dien met die wete: Ek dien, want ek is deur Jesus Christus self geroep! Mag ons elke ampsdraer ontvang en erken as ons Here Jesus se genadegeskenk aan ons!

*Sing: Psalm 139:1, 2, 9* *Ds Pieter Kurpershoek (Postmasburg)*